# Kolskoot vir RHS boogskuts



Voor van links: Stephan Fourie en Devon Garbers. Middel van links: Michelle la Grange, Marinus Wissekerke, Juan-Douw Lourens en Waldo Reynecke. Agter van links: Yasmin van der Merwe, Renier Visser en SJ Nel. Afwesig: Leander van Brakel.


**Rustenburg** – Tien uit die sestien skuts gekies vir die NASPNW-span wat aan die SA-kampioenskappe in Oktober 2017 te Uitenhage sal kompeteer, is skuts van die Hoërskool Rustenburg. Die Noordwes span bestaan uit 16 lede en tien van díe span bestaan uit Rustie atlete!

# Soccer talent at carnival

**Rustenburg** – Grenville High School's 1st and u/16 soccer teams flexed their soccer talent at the Selly Park carnival on 26 August.



Grenville's 1st team soccer, league winners, back from left: Thabiso Leteane, Kaelo Ntlhaile, Blessing Mabasa, Tebogo Motaung and Tshiamo Modisakeng. Middle from left: Rapelang Masiela, Gofaona Mogorosi, Mr Nyanyiwa (coach), Thapelo Lebeko (captain) and Boipelo Phakedi. Front from left: Omphile Motswiri, Tiisetso Dlamini, Kabelo Morakile (team manager) and Thulani Ratau.



Grenville's u/16 boys soccer, back from left: Otlotleng Mothibi, Omphemetse Kadi, Tlotlo Pitso, and Mosa Make. Middle from left: Mr Nyanyiwa (coach), Kamogelo Mapitsa, Gomolemo Moitsheki, Kamogelo Mokhari and Thato Molebatsi. Front from left: Mmusi Bogatso, Kamogelo Nakedi, Letlotlo Tone, Kganya Mogomotsi and Omphile Popane.

## Hoërskool Rustenburg maak Noordwes geskiedenis!

**Rustenburg** – Die Hoërskool Rustenburg was die afgelope naweek, 2 September, die gasheerskool van die Spur Noordwes Bergfiets finaal. Die Hoërskool Rustenburg wen, vir die eerste keer in die geskiedenis, díe Noordwes-reeks.

'n Totaal van 45 leerders van die Hoërskool Rustenburg het aan die reeks, wat uit vier wedrenne bestaan, deelgeneem. Hoërskool Rustenburg het elke wedren oortuigend gewen en sodoende die reeks maklik beklink.

Daar was 'n paar uitsonderlike prestasies deur individue soos Willie van Eck wat as reeks-wenner bekroon is en nege ander leerders wat die Noordwes-span gemaak het: Karla Venter, Louis Wyers, Ilana Niemann, Hanro Vermeulen, Anthonie Lit, John-William Lang, Alexander Conradie, Sean Wagner en Willie van Eck.

Hierdie leerders gaan Noordwes verteenwoordig by die interprovinsiale wedren wat 8 Oktober by Bekker Hoërskool plaasvind.



# Vastrap se Slimkoppe!

**Rustenburg** – Laerskool Vastrap se o/12 skaakspan het as liga wenners uitgetree op Saterdag 5 Augustus. Baie geluk aan Jayden, Juan, Naithan, Ludik, Stephan, Michael en Jonathan (afwesig). By hulle op die foto is juffrouens Joan en Marieta. Vastrap is super trots op julle!



# SAVF CHARITY GOLF DAY

**Rustenburg** – Take your best swing at the Rustenburg Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF)'s first charity golf day!

The SAVF is a vehicle of hope for people with social needs. Their mission is to render social services as a national welfare organisation to people within the community in order to empower them to improve their quality of life. So come land a ball on the green for the charity in green.

The golf day will be hosted on Friday, 22 September, with a shotgun start at 10h00. Entry costs are set at R3000 per four-ball. The prize-giving ceremony starts at 18h00 and interested parties can also sponsor a hole for R750.

Great fun for a great cause on a great course! We hope to see everyone there!

**For more information, contact Annanje De Beer or Elodie Smith on 072 480 1108 or 076 281 1552, or email rustenburg.admin@savf.co.za.**

# Bergsig Motorskou maak naam

**Rustenburg** – Op Saterdag 26 Augustus het Bergsig Akademie hul tweede jaarlikse motorskou gehou. Duidelik het die skou verlede jaar naam gemaak, want daar was aansienlik meer mense as die vorige jaar!

Die hoofuitstalling was die veteraan motors wat van heinde en verre gekom het. Die luukse motors het die meeste fotograwe gelok en die ander groot uitstalling was die motorfietse. Verskeie motorhandelaars het ook hulle motors uitgestal. Die *golden oldies* was beslis 'n groot trekpleister!

Daar was 'n magdom kos stalletjies – iets na elkeen se smaak en die Piekfijn *cocktail* tuin was uiters populêr. Daar was lekker vermaak met verskeie gaskunstenaars wat opgetree het op drie verskillende verhoë by die skool.

Die kinderspeelarea het ook uit sy nate gebars met rekspronge, *gladiator mountains* en springkastele. Dit was 'n bedrywige dag wat al om 07h00 begin het met 'n pretdraf. Dit was oor die algemeen besig, prettig en 'n dag om te onthou.



Van links: Michelle Smith, Pieter Smith (eienaar van die Oranje Ford Cortina), Angelo Dalessandro, Michel Dalessandro, en Fanz du Plessis (eienaar van die pers AC Cobra).

# Curriebeker 2017

BLUE BULLS vs GRIQUAS LIONS vs Pumas

**Blou Bulle vs Griekwas**

Op Fort Loftus behaal die Bulle hul derde oorwinning van die seisoen en klop die Griekwas in 'n opwindende game met 44-42. Vir die Bulle het die jongeling Manie Libbok, verlede jaar nog op die skoolbanke, uitgeblink op heelagter. Die woelwater druk drie skitterende drieë vanuit die laaste vesting. Die Griekwas het twee waardevolle bonuspunte verdien.

Die Griekwas speel volgende teen die Goue Leeus in Jo'burg met die Bulle wat 'n loslootjie geniet.

vs CHEETAHS

**Haaie vs Cheetahs**

In die Haaitenk behaal die Haaie 'n verspotmaklike oorwinning oor 'n verswakte Cheetah span en wen 45-15. Die Cheetahs speel volgende teen die WP in Kaapstad. Die Haaie reis Nelspruit toe om teen die Pumas uit te draf. Vir die Haaie is Curwin Bosch weer op losskakel beskikbaar en sal die span aansienlik versterk.

**Goue Leeus vs Pumas**

In Jo'burg behaal die Leeus 'n naelbyt sege oor die Pumas en wen 29-28. Groot lof moet aan die Pumas gaan wat enduit geveg het en dit met veertien spelers in die laaste agt minute. Die fris senter van die Leeus, Rohan Janse van Rensburg was kookwater en druk ook dan die wendrie vir die Leeus. Die Leeus is danksy die oorwinning steeds onder aan die punte tabel met die Haaie eerste. Die Leeus speel volgende teen die Griekwas in Kimberley met die Pumas wat in Nelspruit teen die Haaie gaan uitdraf.

**Nag ou grote…**

**Rugby kampioenskapsreek 2017**

- Nieu-Seeland vs Argentinië: 9 September, 09h35, New Plymouth
- Suid-Afrika vs Australië: 9 September, 12h00, Perth

**Nag ou groene…**